



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2022

**EKONOMIE V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: **150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 15 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- | | | | | | |
|-------|---|---|---|---------|------|
| 1.1.1 | C | – | Spesialiseer ✓✓ | | |
| 1.1.2 | D | – | die doeltreffendheid van markte te verbeter ✓✓ | | |
| 1.1.3 | A | – | sentrale ✓✓ | | |
| 1.1.4 | B | – | dubbeltelling ✓✓ | | |
| 1.1.5 | C | – | bruto kapitaalvorming ✓✓ | | |
| 1.1.6 | A | – | tendenslyn ✓✓ | | |
| 1.1.7 | B | – | die gemiddelde belastingkoers is dieselfde vir alle
belastingbetalers ✓✓ | | |
| 1.1.8 | D | – | depresiasiie ✓✓ | (8 x 2) | (16) |

1.2 PASITEMS

- | | | | | | |
|-------|---|---|--|---------|-----|
| 1.2.1 | G | – | ook bekend as die nasionale produk teen konstante pryse ✓ | | |
| 1.2.2 | I | – | die minimum bedrag geld wat die Suid-Afrikaanse
Reserwebank van banke vereis om in stand te hou om
geldskeppingsaktiwiteite te manipuleer ✓ | | |
| 1.2.3 | A | – | 'n aansporing wat aan vervaardigers gegee word om die koste
van produksie te verminder ✓ | | |
| 1.2.4 | F | – | 'n voorbeeld van oordragbetalings ✓ | | |
| 1.2.5 | B | – | waar hulpbronne nie hertoegewys kan word om een individu
beter daaraan toe te maak, sonder om ten minste een individu
slechter daaraan toe te maak nie ✓ | | |
| 1.2.6 | C | – | toon die manier waarop goedere en dienste in die ekonomie
geproduseer en verbruik word ✓ | | |
| 1.2.7 | H | – | waarde van uitvoere minus invoere ✓ | | |
| 1.2.8 | E | – | 'n vorm van krediet wat die IMF kan gebruik vir 'n konsekwente
onewewigheid ✓ | (8 x 1) | (8) |

1.3 GEE DIE TERM

- | | | | | |
|-------|-------------------------|--|--|-------------|
| 1.3.1 | Tertiêre ✓ | | | |
| 1.3.2 | Outonoom ✓ | | | |
| 1.3.3 | Kuznets ✓ | | | |
| 1.3.4 | Phillips ✓ | | | |
| 1.3.5 | Saamgestelde aanwyser ✓ | | | |
| 1.3.6 | Internasionale handel ✓ | | | (6 x 1) (6) |

TOTAAL AFDELING A: **30**

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 Noem TWEE soorte sekuriteite wat in die geldmark gevind word

- bankier se aanvaarding ✓
 - skatkiswissels ✓
 - Reserwebank skuldbriefe ✓
 - korttermyn staatseffekte ✓
 - korttermyn maatskappy-skuldbriefe ✓
- (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom gee die regering oordragbetalings aan gemeenskappe?

Oordragbetalings word deur die regering aan gemeenskappe gegee om:

- herverdeel van inkomste / (verlig of verminder armoede) ✓✓
 - die wanbalanse van die verlede reg te stel / gelykheid te bevorder ✓✓
 - die gaping tussen ryk en arm te verklein ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

2.2 DATARESPONS

2.2.1 Identifiseer 'n voorbeeld van 'n inspuiting hierbo.

Staatsbesteding ✓ (1)

2.2.2 Noem 'n faktor wat die grootte van die vermenigvuldiger beïnvloed.

Mvg/msg ✓ (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term vermenigvuldiger.

- Toon hoe 'n toename in besteding 'n meer as proporsionele toename in nasionale inkomste produseer. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.2.4 Verduidelik die gebruik van die vermenigvuldiger deur die regering.

- Die regering gebruik die vermenigvuldiger om die totale uitwerking van beleggings, uitvoerinkomste en staatsbesteding op die ekonomie te bepaal ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.2.5 Wat is die negatiewe effek van lae besparings op ekonomiese groei?

- Geen rente word verdien wanneer ander by die banke leen nie ✓✓
- Lae spaarkoers kan tot laer ekonomiese groeikoers lei ✓✓
- Minder besparing kan die verspreiding van inkomste in die land verminder ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

2.3 DATARESPONS

2.3.1 Identifiseer die sosio-ekonomiese uitdaging wat toegeneem het toe die ekonomie 'n insinking ondervind het.

Werkloosheid/werkverliese ✓

(1)

2.3.2 Noem die onderste draaipunt van 'n sakesiklus.

Trog ✓

(1)

2.3.3 Beskryf kortlik die term *ekonomiese resessie*.

'n Negatiewe ekonomiese groeikoers vir ten minste twee opeenvolgende kwartale / 'n afname in ekonomiese uitset wat vir 6 maande of langer duur. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.3.4 Verduidelik die verband tussen BBP en sakesiklusse.

- die sakesiklus model wys hoe 'n land se reële BBP oortyd fluktueer en deur fases gaan namate totale uitset toeneem en afneem ✓✓
- oor die langtermyn toon die sakesiklus 'n bestendige toename in die potensiële uitset in 'n vinnig groeiende ekomnie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.3.5 Hoekom is inflasie geneig om tydens 'n resessie te daal?

Inflasie daal tydens resessie omdat:

- besighede het onverkopte goedere en sal probeer om hul goedere te verdiskonter om van hul oortollige voorraad ontslae te raak ✓✓
- verlaagde pryse van goedere lei tot laer koste – wat inflasie afdruk. ✓✓
- namate werkloosheid toeneem, word dit moeiliker vir werkers om vir hoër lone te beding ✓✓
- lae vertroue in 'n ekonomie verminder gewoonlik inflasieverwagting ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

2.4 Onderskei tussen die *bestedingsmetode* en die *inkomstemetode* om die Bruto Binnelandse Produk (BBP) te bepaal.

BESTEDINGSMETODE

- BBP teen markpryse word bepaal deur die besteding van die vier hoofsektore van die ekonomie by te voeg – huishoudings, regering, besighede en die buitelandse sektor ✓✓
- Deur hierdie metode te gebruik om die BBP te bepaal, lewer dit BBP teen markpryse ✓✓
- Ook as BBP(B) bekend ✓✓
- $BBB = C+I+G$ terwyl besteding aan BBP = $C+I+G+X-M$ ✓✓

INKOMSTE-METODE

- BBP teen faktorpryse deur al die inkomste wat verdien word deur die eienaars van die produksiefaktore (bruto binnelandse inkomste) by te tel. ✓✓
- Hierdie metode lewer BBP teen faktorkoste ✓✓
- Ook as BBP bekend (I) ✓✓

(8)

2.5 Hoe kan monetêre beleid tot ekonomiese groei bydra?

Die monetêre beleid dra by tot ekonomiese groei deur:

- Verhoog die geldvoorraad om krediet aan huishoudings en maatskappye te bevorder, wat verbruik en produksie positief beïnvloed ✓✓
- Implementering van ope-marktransaksies deur sekuriteite en effekte terug te koop, sal die geld wat beskikbaar is vir lenings verhoog word ✓✓
- Die afwaartse aanpassing van rentekoerse sodat verbruikers meer geld kan leen, wat die vraag na goedere en dienste sal stimuleer en produksie positief sal beïnvloed ✓✓
- Verminderde kontant reserwevereistes wat banke sal toelaat om meer geld uit te leen wat produksie sal stimuleer ✓✓

(4 x 2)

(8)

[40]

VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE

3.1 3.1.1 Noem TWEE vloeie in 'n oop sirkulêre vloei (kringloop) ekonomie.

- Werklike vloei ✓
 - Geldvloei ✓
- (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoekom is dit nie moontlik om individue van die gebruik van openbare goedere uit te sluit nie?

- Dit is onmoontlik om te verhoed dat individue die voordele geniet ✓✓
- Dit is nie moontlik nie, want sodra publieke goedere verskaf is, kan dit deur almal gebruik word ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

3.2 DATARESPONS

3.2.1 Identifiseer die deelnemer wat die produksiefaktore besit.

Huishoudings/verbruikers ✓ (1)

3.2.2 Noem EEN openbare goedere wat deur die staat verskaf word.

- Onderwys ✓
- Gesondheid ✓
- Welsynsdienste ✓
- Behuising ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 1) (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *faktormark*.

Dit is 'n mark waar produksiefaktore gekoop en verkoop word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

3.2.4 Wat is die effek op nasionale inkomste as inspuitings minder as onttrekking is?

Nasionale inkomste sal afneem/daling/daal. ✓✓ (2)

3.2.5 Verduidelik die impak van 'n afname in belasting op die vlak van produksie.

- besteebare inkomste sal styg en besteding aan goedere en dienste sal toeneem ✓✓
- vlak van produksie sal toeneem soos die vermenigvuldiger sal toeneem ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

3.3 DATARESPONS

3.3.1 Identifiseer 'n makro-ekonomiese doelwit van die openbare sektor in die spotprent.

- Ekonomiese groei ✓
 - Volle indiensneming ✓
- (Enige 1 x 1) (1)

3.3.2 Watter fiskale beleidsinstrument is die hoofbron van staatsinkomste?

- Belasting ✓ (1)

3.3.3 Beskryf kortlik die term *ekonomiese groei*.

Toename in die produksievermoë van die ekonomie/n toename in die produksie van goedere en dienste in 'n land. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.3.4 Verduidelik hoe die mislukking van die openbare sektor tot sosiale onstabilitet kan lei

Openbare sektor mislukking kan lei tot sosiale onstabilitet wanneer:

- Daar swak dienslewering van goedere en dienste is. ✓✓
- Daar is 'n toename in armoede as gevolg van 'n gebrek aan vaardighede as gevolg van swak onderwys. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

3.3.5 Waarom sal Suid-Afrika waarskynlik misluk in die bereiking van sy ekonomiese doelwitte?

- Amptenare in bestuur kort dikwels kennis, implementeer regeringsbeleide verkeerd, het verskuilde agendas ✓✓ bv. selfverryking ✓✓
- Staatswerknemers kort motivering in die uitvoering van hul pligte ✓✓
- Gebrek aan doeltreffendheid as gevolg van onbevoegdheid en korupsie ✓✓
- Bürokrasie kan vertragings in die implementering van projekte veroorsaak ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortlik die rol van ondernemings in die ekonomiese-kringloop.

- Firmas koop die produksiefaktore by huishoudings in die faktormark ✓✓
- Hulle gebruik die produksiefaktore om goedere en dienste te produseer ✓✓
- Besighede verkoop hierdie goedere en dienste aan huishoudings, die regering en die buitelandse sektor ✓✓
- Hulle tree op as kopers in die faktormark en verkopers in die goederemark, met wins as hul doelwit ✓✓
- Besighede ontvang 'n inkomste van die ander drie deelnemers ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 4 x 2) (8)

3.5 Evalueer die impak van die vermindering van die terugkoopkoers (repokoers) op die ekonomie.

POSITIEWE

- Aanmoediging van lenings deur ekonomiese deelnemers aangesien die prima rentekoers wat deur die kommersiële banke gehef word, ook kan daal ✓✓
- Vermindering van die finansiële las op besigheid en verbruikers met prima gekoppelde lenings namate terugbetalings afneem ✓✓
- Toenemende totale vraag na goedere en dienste met laer rentekoers wat besparing ontmoedig ✓✓ (Enige 2 x 2)

NEGATIEWE

- Die vermindering van die land se aantreklikheid as 'n beleggingsbestemming aangesien laer rentekoers geleei het tot laer opbrengs op sommige beleggingsportefeuilles ✓✓
 - Dit lei tot 'n depresiasi van die geldeenheid teenoor die belangrikste geldeenhede wat invoere duur maak ✓✓
 - Veroorsaak inflasie as toename in totale vraag nie gepaard gaan met toename in totale aanbod nie ✓✓ (Enige 2 x 2)
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4 + 4) (8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1.1 Noem TWEE tipes markte wat deel van die finansiële stelsel vorm.

- Kapitaalmark ✓
 - Geldmark ✓

4.1.2 Hoekom is dit belangrik om bewegende gemiddeldes te gebruik om sakesiklusse te voorspel?

Dit verwyder fluktusies in ekonomiese data wat dit makliker maak om sakesiklusse te voorspel. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

4.2 DATARESPONS

4.2.1 Gee 'n voorbeeld van belasting op produkte.

- BTW ✓
 - Sondebelasting / aksynsbelasting ✓
 - Brandstofheffing ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 1) (1)

4.2.2 Noem die alternatiewe term wat vir bruto toegevoegde waarde in nasionale rekeninge gebruik word.

Bruto Binnelandse Produk/BBP ✓

(1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term **sekondêre sektor**.

Dit verwys na 'n sektor waar goedere en dienste geproduseer word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

4.2.4 Hoe word basiese pryse na markpryse omgeskakel?

Belasting op produkte word bygevoeg en subsidies op produkte word afgetrek van die BBP teen basiese pryse om bruto binnelandse produk teen markpryse te kry ✓✓/ BTW teen basiese pryse PLUS belasting op produkte MINUS subsidies op produkte = BBP teen markpryse. ✓✓

(2)

4.2.5 Bereken die waarde van A. Toon ALLE berekeninge.

$$\begin{array}{r} 324\ 365 + 556\ 768 + 1\ 789\ 431 \checkmark \checkmark \\ = 2\ 760\ 564 \checkmark \checkmark \end{array}$$

(Ken slegs 2 punte toe vir slegs antwoord.) (2 x 2) (4)

4.3 DATARESPONS

4.3.1 Identifiseer die industrie in die sekondêre sektor wat die meeste tot ekonomiese groei bygedra het in die diagram hierbo.

Vervaardiging ✓ (1 x 1) (1)

4.3.2 Gee EEN voorbeeld van 'n industrie in die primêre sektor.

Mynbou / landbou / bosbou / visvang ✓ (Enige 1 x 1) (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *Bruto Binnelandse Produk*.

Verwys na die totale waarde van finale goedere en dienste geproduseer binne die grense / grense van die land gedurende 'n spesifieke tydperk van tyd. ✓✓ (2 x 1) (2)


4.3.4 Hoe beïnvloed die vergoeding van werknemers arbeidproduktiwiteit?

- Gebrek aan beloning verlaag werknemers se produktiwiteit ✓✓
 - Beloonde werknemers kan tot verhoogde produktiwiteit lei ✓✓
- (Enige 1 x 2) (2)

4.3.5 Waarom is die vermenigvuldigingseffek op vervaardiging belangrik in die ekonomie?

- Vervaardiging het soveel wesenlike bande met soveel ander sektore regdeur die ekonomie, sy uitset stimuleer meer ekonomiese aktiwiteit regoor die samelewing as enige ander sektor ✓✓
 - Skep werk- en beleggingsgeleenthede in al die ander sektore wat sy produkte gebruik, soos vervoer, konstruksie en kleinhandel. ✓✓
 - Dit stimuleer groei en dienste soos finansies en vervoer. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

- 4.4 Teken 'n korrek benoemde diagram van 'n sakesiklus, wat tendenslyn, lengte, die amplitude en die trog duidelik aandui.



(8)

- 4.5 Met verwysing na die Phillips-kurve, ontleed die verband tussen inflasie en werkloosheid.

- Die Phillips-kurve wys dat inflasie sal toeneem as daar minder werkloosheid is ✓✓
- Baie hoë inflasie kan tot stagflasie lei ✓✓
- Die vraag na goedere en dienste kan sonder verhoogde indiensneming gestimuleer word ✓✓
- Kapitaalintensiewe produksieprosesse sal nie noodwendig tot verdere werkskepping bydra nie ✓✓
- Die werker kan van verlengde kredietfasiliteite gebruik maak om dieselfde lewenstandaard te geniet wanneer hulle prysstygtings ervaar ✓✓
- Vaardigheidsontwikkeling en verbeterde onderwys wat indiensneming verhoog, sal 'n groter vraag na goedere en dienste skep ✓✓
- Inflasieteikens (3%–6%) sal stagflasie voorkom ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Enige 4 x 2)

(8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN van die TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

- Bespreek volledig die redes vir internasionale handel. (26 punte)
- Hoe kan 'n swakker rand Suid-Afrika se handel met ander lande beïnvloed? (10 punte)

INLEIDING

Internasionale handel behels die uitruil van goedere of dienste oor verskillende lande in die wêreld. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks.) (2)

INHOUD: HOOFDEEL

Die grootte van die bevolking ✓

- As daar 'n toename in bevolkingsgroei is, veroorsaak dit 'n toename in vraag, aangesien meer mense se behoeftes bevredig moet word. ✓✓
- Plaaslike verskaffers sal dalk nie in hierdie vraag kan voorsien nie. ✓✓

Inkomstevlakke ✓

- Veranderinge in inkomste veroorsaak 'n verandering in die vraag na goedere en dienste ✓✓
- 'n Toename in die per capita-inkomste van mense lei tot meer bestebare inkomste wat aan plaaslike goedere en dienste bestee kan word, waarvan sommige dan ingevoer sal moet word ✓✓

'n Toename in die rykdom ✓

- 'n Toename in die rykdom van die bevolking lei tot 'n groter vraag na goedere. ✓✓
- Mense het toegang tot lenings en kan meer bestee aan luukse goedere, waarvan baie in ander lande vervaardig word. ✓✓

Voorkeure en smake ✓

- Voorkeure en smake kan 'n rol speel in die bepaling van pryse ✓✓ bv. klante in Suid-Afrika het 'n voorkeur vir 'n spesifieke produk wat nie plaaslik geproduseer word nie en moet invoer, en dit sal maak dat daardie produk 'n hoër waarde het as in ander lande. ✓✓

Die verskil in verbruikspatrone ✓

- Die verskil in verbruikspatrone word deur die vlak van ekonomiese ontwikkeling in 'n land bepaal ✓✓
- Byvoorbeeld, 'n arm land kan 'n hoë vraag na basiese goedere en dienste hê, maar 'n laer vraag na luukse goedere ✓✓

Natuurlike hulpbronne ✓

- Natuurlike hulpbronne is nie eweredig oor alle lande van die wêreld versprei nie ✓✓
- Hulle verskil van land tot land en kan slegs uitgebuit word op plekke waar hierdie hulpbronne bestaan ✓✓

Klimaatstoestande ✓

- Klimaatstoestande maak dit vir sommige lande moontlik om sekere goedere teen 'n laer prys as ander lande te produseer ✓✓
- Brasilië is byvoorbeeld een van die grootste koffieprodusente ter wêreld ✓

Arbeidshulpbronne ✓

- Arbeidshulpbronne verskil in kwaliteit, hoeveelheid en koste tussen lande. ✓✓
- Sommige lande het hoogs geskoold, goed betaalde werkers met hoë produktiwiteitsvlakke, bv. Switserland ✓✓

Tegnologiese hulpbronne ✓

- Tegnologiese hulpbronne is in sommige lande beskikbaar wat hulle in staat stel om sekere goedere en dienste teen 'n lae eenheidskoste te produseer, ✓✓ bv., Japan. ✓

Spesialisasie ✓

- Spesialisasie in die produksie van sekere goedere en dienste stel sommige lande in staat om dit teen 'n laer koste as ander te produseer ✓✓
- Japan produseer byvoorbeeld elektroniese goedere en verkoop dit teen 'n laer prys ✓✓

(Aanvaar ander korrekte relevante antwoorde.)

Maks. (26)

ADDISIONELE DEEL**Positiewe impak deur:**

- die verhoging van die hoeveelheid uitvoere aangesien Suid-Afrikaanse produkte bekostigbaar kan word in lande met sterker geldeenhede ✓✓
- om baie internasionale toeriste uit ryk lande te lok aangesien hul geldeenhede hulle meer waarde vir hul geld in Suid-Afrika kan gee ✓✓
- die verbetering van die betalingsbalans as die land meer geld uit sy uitvoere verdien as wat hy vir sy invoer betaal ✓✓
- ontmoediging van invoer van goedere wat ook deur Suid-Afrikaanse firms geproduseer word, wat dus die verbruik van plaaslike produkte verhoog ✓✓

Negatiewe impak deur:

- om ingevoerde insette duur te maak en sodoende koste-druk inflasie tot gevolg te hê aangesien produsente dalk hul prys sal moet verhoog ✓✓
- die skep van 'n tekort op die betalingsbalans indien die bedrag geld wat op invoere betaal is meer is as die een wat uit uitvoere ontvang word ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoorde.)

(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote lys van feite.)

(2)

SLOT

- Dit is belangrik vir lande om duidelik te bepaal watter produkte hulle absolute voordeel en/of vergelykende voordeel gee aangesien dit hulle kan help om suksesvol met ander lande handel te dryf ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte hoërorde gevolgtrekking.)

(Maks. 2)

(2)

[40]

VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE

- Bespreek volledig die hoofdoelwitte van die openbare sektor in die ekonomie. (26 punte)
- Hoe effekief is die Suid-Afrikaanse regering om volle indiensneming te bewerkstellig? (10 punte)

INLEIDING

Die hoofdoelwitte van die staat is om die burgers van die land te dien en die sistematiese ontwikkeling vir almal te bewerkstellig. ✓✓
 (Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.)

Maks. (2)

HOOFDEEL

Ekonomiese groei ✓

- Ekonomiese groei verwys na 'n toename in die produksie van goedere en dienste in die ekonomie ✓✓
- Die staat moet verseker dat daar volhoubare groei is aangesien dit tot 'n verbetering in die lewenstandaard lei ✓✓
- Vir ekonomiese ontwikkeling om plaas te vind, moet ekonomiese groeikoers hoër as die bevolkingskoers wees ✓✓

Wisselkoersstabiliteit ✓

- Depresiasi en appresiasi skep onsekerheid vir produsente en beleggers en moet dus beperk word. ✓✓
- Die staat probeer om die land se geldeenheid teen oormatige skommelinge te beskerm ✓✓
- Monetêre en fiskale beleid word gebruik om te verseker dat die wisselkoers vir langer tydperke relatief stabiel bly ✓✓

Volle indiensneming ✓

- Dit beteken dat alle persone wat graag wil werk en wat werk soek, werk moet kan kry of selfstandig moet wees ✓✓
- Hoë vlakke van indiensneming is een van die deurslaggewende ekonomiese doelwitte vir alle regerings ✓✓

Ekonomiese billikheid/regverdigheid ✓

- In Suid-Afrika gebruik die regering 'n progressiewe belastingstelsel om gratis dienste aan al sy verdienstelike mense te verskaf. ✓✓
- Gratis maatskaplike dienste soos basiese onderwys, primêre gesondheidsorg, basiese ekonomiese dienste en die betaling van kontanttoelaes aan die armes en ander kwesbare mense ✓✓
- 'n Herverdeling van inkomste en rykdom is belangrik in mark ekonomiese ✓✓

Prysstabiliteit ✓

- In Suid-Afrika beteken die relatiewe prysstabiliteit die handhawing van 'n inflasiekoers van tussen 3% en 6% ✓✓
 - 'n Markekonomie presteer beter wanneer pryse stabiel is ✓✓
 - Enige land streef daarna dat sy pryse nie skommel nie ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Merk subopskrifte en voorbeelde tot 'n maksimum van 8 punte.)

Maks. (26)

ADDISIONELE DEEL

- Simulering van ekonomiese groei en prestasie van hierdie ondernemings deur innoverende metodes wat deur private kundiges bekend gestel word. ✓✓
- Die verskaffing van bykomende fondse aan die regering deur belasting wat fondse gerедelik beskikbaar kan stel vir die verskaffing van dienste ✓✓
- Bevordering van gemeenskaps-ekonomiese deelnamekoers terwyl dienslewering versnel word ✓✓
- Die verligting van die regering van die finansiële las wat SBO soos die SAL plaas en sodoende die staat met meer fondse laat om op dienslewering te belê. ✓✓

('n Maksimum van 2 punte vir blote lys van feite.)

(10)

SLOT

Die staat gebruik die nasionale begroting om al sy doelwitte te probeer bereik deur belasting as 'n groot bron van inkomste te gebruik. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

Maks. (2)

[40]

TOTAAL AFDELING C:	40
GROOTTOTAAL:	150